**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Hersieningnr. : 325/2010

In die hersiening tussen:-

**DIE STAAT**

en

**MICHAEL MOLIFI RAMPITSANG**

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* KRUGER, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER, R

---

**GELEWER OP:** 26 AUGUSTUS 2010

---

[1] Die beskuldigde is in die distrikshof te Botshabelo skuldig bevind aan (1) ‘n oortreding van artikel 3 van Wet 60 van 2000, besit van ‘n 6,35 mm semi-outomatiese pistool, en (2) oortreding van artikel 90 van Wet 60 van 2000, besit van drie rondtes ammunisie. Op die eerste klagte is hy gevonnis tot agt jaar gevangenisstraf, en op die tweede klagte tot twee jaar gevangenisstraf. Geen samelopendheid is gelas nie, dus is die effektiewe vonnis tien jaar gevangenisstraf. In antwoord op ‘n hersieningsnavraag het die landdros niks by sy uitspraak oor vonnis gevoeg nie.

[2] Die beskuldigde se verweer was dat hy die gelaaide vuurwapen langs 'n voetpaadjie opgetel het en op pad was om dit by die polisiestasie in te handig toe hy deur die polisie voorgekeer en gearresteer is. Die getuienis van die polisie was dat hy op pad was in 'n rigting weg van die polisiestasie toe hy gearresteer is.

[3] Die maksimum vonnis vir besit van 'n vuurwapen is 15 jaar gevangenisstraf – artikel 3 en bylae 4 van Wet 60 van 2000. 'n Landdroshof kan so 'n vonnis oplê (artikel 151 Wet 60 van 2000). Minimum-vonnis wetgewing ingevolge Wet 105 van 1997 is nie hier van toepassing nie, want dit geld nie in distrikshowe nie, en die verwysing na Wet 105 van 1997 in die klagstaat is deurgehaal.

[4] Die persoonlike omstandighede van die beskuldigde is dat hy 29 oud is, ongetroud, 'n Lesotho burger met 'n paspoort, hy was by sy arrestasie al agt jaar lank werksaam te Botshabelo teen R20,00 per dag. Hy het geen skoolopleiding gehad nie. Hy is 'n eerste oortreder.

[5] Die onwettige besit van 'n vuurwapen is 'n ernstige misdryf,

soos blyk uit die maksimum straf van vyftien jaar gevangenisstraf. Sien ook **R v KAHN** 1957 (4) SA 558 (N) te 559 C – D. Die verduideliking wat die beskuldigde vir sy besit verskaf het, is 'n belangrike oorweging by vonnis, selfs meer belangrik as die omstandighede van die verkryging van die vuurwapen deur die beskuldigde (**S v MAGADI** 1962 (2) SA 229 (OK) te 231 H).

[6] Die omstandighede van die besit van die vuurwapen deur die beskuldigde is 'n faktor wat oorweeg word by vonnisoplegging. In **R v KUMALO** 1949 (1) SA 620 (A) was die vuurwapen versteek agter die bestuurders-sitplek van die voertuig, wat beskuldigde bestuur het. In **R v MHLAULI** 1954 (1) SA 85 (K) te 87 E – H was die volgende omstandighede oorweeg:

i) Die wapen is op beskuldigde persoon gevind met ammunisie wat daarin gepas het (dit was nie in sy huis of 'n ander veilige plek nie).

ii) Beskuldigde was op 'n openbare pad toe die wapen aan hom gevind is.

iii) Die beskuldigde kon geen bevredigende verduideliking

vir sy besit gee nie.

[7] In **<u>S v THEMBALETHU</u>** 2009 (1) SASV 50 (HHA) het die streekhof die volgende vonnisse opgelê:

(1) Roof met verswarende omstandighede - 15 jaar

(2) Besit van semi-outomatiese vuurwapen - 15 jaar

(3) Besit van ammunisie - 9 mnde

(4) Poging tot moord - 6 jaar

Die totale opgelegde vonnis was 36 jaar. Die landdros het gelas dat die vonnis op klagte 3 en elf maande van die vonnis op klagte 2 saamloop met die vonnis op klagte 1. Dus was die effektiewe vonnis 25 jaar. Die Hoë Hof en Hoogste Hof van Appèl het die vonnisse bekragtig. (Die bepalings van Wet 105 van 1997, wat die minimum vonnis vir besit van 'n semi-outomatiese vuurwapen vyftien jaar gevangenisstraf maak, was van toepassing in **<u>THEMBALETHU</u>** se geval omdat dit 'n streekhof was.)

[8] As gevolg van die samelopingsbevel, was die effektiewe vonnis vir besit van die vuurwapen vier jaar gevangenisstraf.

In **<u>THEMBALETHU</u>** se geval was ernstige misdrywe met die vuurwapen gepleeg. In die onderhawige geval is daar geen ander misdrywe bewys nie. As daar sulke misdrywe bewys was, sou hulle hulle eie vonnisse gehad het, wat die vonnis vir besit van die wapen sou beïnvloed het.

[9] Die effektiewe vonnis van vier jaar gevangenisstraf wat in **<u>THEMBALETHU</u>** se geval opgelê is, lyk na 'n goeie aanduiding. Ek vind geen versagting in die beskuldigde se persoonlike of ander omstandighede nie. Hy kon op die feite skuldig gepleit het sonder om 'n ongeloofwaardige verhaal dat hy op pad na die polisiestasie was te versin.

[10] Die landdros noem in sy uitspraak dat die misdryf van onwettige besit van vuurwapens ernstige afmetings in sy distrik aanneem. Dis digby Lesotho en beskuldigde is 'n Lesotho burger. Die beskuldigde het die wapen en ammunisie in sy besit gehad vanaf 14h00 tot 20h40. Beskuldigde was op 'n openbare plek en het 'n gelaaide vuurwapen in sy besit gehad. Die twee klagtes behoort saamgeneem te word vir doeleindes van vonnis. 'n Gepaste vonnis op beide klagtes sou vier jaar gevangenisstraf wees.

[11] **BEVEL:**

1. Die skuldigbevindings word bekragtig, maar die vonnisse word tersyde gestel en vervang met die volgende:

   "Beide klagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis en gevangenisstraf van vier jaar word opgelê."

2. Ingevolge artikel 282 van die Strafproseswet 51 van 1977, word die vonnis geag op 3 Junie 2010 opgelê te gewees het.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

/sp